Donderdag **15 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jeremia 10**

**Fokusgedeelte: Jeremia 10:10, 16**

**Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie**

Die verskil tussen God se volk en die heidene word telkens in die Skrif beklemtoon. Daarom mag God se volk Hom nie op dieselfde wyse aanbid as wat die heidene doen nie. In die woorde van Jeremia 10:2: *"Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie."*

Feit van die saak is dat al is ons God se kinders, lewe ons nog steeds in 'n wêreld wat Hom nie ken nie. 'n Wêreld waarin ons maklik verlei kan word om God op 'n ander manier te dien as wat Hy in sy Woord vir ons geopenbaar het.

Daarom bring hy hierdie trooswoord van die Here na die nageslag van Jakob wat al in ballingskap weggevoer is. Hy wil hulle waarsku om nie die heidense praktyke en die beeldediens van die Babiloniërs en Assiriërs oor te neem nie. Hulle moet getrou bly aan die diens van die waaragtige en lewende God.

In hierdie gedeelte wys Jeremia op twee maniere waarin die heidene hulle afgode gedien het:

- Hulle het onder meer tekens in en van die hemel afgelees, omdat dit as 'n soort openbaring van die gode gesien is.
- Verder het hulle beelde gemaak om hulle gode uit te beeld en selfs die natuurelemente aanbid.

Vir elke ding was daar 'n sogenaamde god, want so hoor ons in vers 2 hulle was bang daarvoor. In wese is al hierdie dinge mense se eie bedinksels en die vrug van sondige begeertes en vrese. Die gevaar is dat ons ons eie vrese, gewoontes en tradisies belangriker kan ag as God self. Daarom teken Jeremia die skerp teenstelling tussen God en die beelde wat mense van Hom het. Beelde is en bly nietighede en mensewerk. Ondanks al die werk en moeite wat die heidene insit om volgens hulle tradisie en gewoontes vir hulle afgodsbeelde te maak, is alles wat hulle doen nietigheid. So 'n beeld kan nie eers op sy eie voete bly staan nie. Dit moet met 'n hamer en spykers vasgeslaan word sodat dit nie sal omval nie. In teenstelling met ons HERE wat die hele skepping staande hou.

*Sing: Psalm 115-1:2,3*

*Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)*